

## Hoofstuk 30

# LANDBOUHOEWES

<b>Landbouhoewes (Transvaal) Registrasiewet 22 van 1919</b>		
inwerkingtrededing: 4 June 1919.		
		<i>bladsy</i>
1	Doel van die Wet	2
2	Woordomsrywings	2
3	Dorpewet nie van toepassing op grond verdeel as landbouhoewes	2
4	Voorwaardes vir verlening van sertifikaat	2
5	Waar sertifikaat nie toegestaan word nie	3
6	Beperking op uitgee van of onderverdeling van hoewes	3
7	Onderverdeling van Landbouhoewes	3

## **1 DOEL VAN DIE WET**

Om voorsiening te maak vir die registrasie van grond in die (voormalige) Transvaal wat in landbouhoewes verdeel word, om die onderverdeling van sodanige landbouhoewes te reguleer en vir ander doeleindes wat daarmee in verband staan.

## **2 WOORDOMKESRYWINGS**

**“landbouhoewe”** ‘n Gedeelte van grond nie minder as 1 morg (8 565 vierkante meter) groot nie wat uitsluitlike of hoofsaaklik gebruik word vir die doel van landbou of tuinbou of vir die teel of aanhou van huisdiere, pluimvee of beeste

## **3 DORPE WET NIE VAN TOEPASSING OP GROND WAT VIR LANDBOUHOEWES VERDEEL WORD NIE - Artikel 1**

Waar die eienaar van ‘n streek grond in persele verdeel het of van voorneme is om dit so te verdeel ten einde landbouhoewes te vorm, kan die Minister sertifiseer dat die grond slegs verdeel is of verdeel staan te word as landbouhoewes en nie vir doeleindes van die daarstelling van ‘n dorpsgebied nie. Wanneer daardie sertifikaat by die aktekantoor ingedien word sal sodanige streek grond nie geag word ‘n dorpsgebied te wees nie.

## **4 VOORWAARDES VIR VERLENING VAN SERTIFIKAAT - Artikel 2**

Die sertifikaat na verwys in artikel 1 sal slegs toegestaan word op aansoek deur die eienaar aan die Raad en op ‘n aanbeveling deur die Raad en onderhewig aan sodanige voorwaardes, indien enige, as wat die Raad mag aanbeveel - (artikel 2(1)).

Wanneer die eienaar kragtens artikel 2(1) aansoek doen moet hy die Raad voorsien van sodanige besonderhede en inligting en sodanige planne en kaarte as wat die Raad mag vereis vir die doel om die grootte en ligging van die streek grond wat verdeel staan te word aan te dui en ‘n plan ooreenkomstig waarvan hy van voorneme is om dit te verdeel, maar behalwe soos hierin voorsiening gemaak, sal die eienaar nie verplig wees om die grond te verdeel soos aangetoon op die plan nie of om enige verdelings aangedui daarop te handhaaf nie - artikel 2(2)).

Indien die grond met betrekking waartoe aansoek gedoen word binne die grense van enige munisipaliteit geleë is moet die eienaar kennis aan die Raad van sodanige munisipaliteit gee van sy voorneme om vir 'n sertifikaat aansoek te doen en die Raad, voordat dit die toestaan van 'n sertifikaat aanbeveel, sal aan die betrokke Raad 'n geleentheid bied om sodanige voorstellings as wat dit wenslik mag ag met betrekking tot die toestaan van die sertifikaat, te maak - (artikel 2(3)).

## **5 WAAR SERTIFIKAAT NIE VERLEEN WORD NIE - Artikel 4**

Die Raad sal nie die verlening van 'n sertifikaat aanbeveel nie en 'n sertifikaat sal nie verleen word nie met betrekking tot enige streek grond ten opsigte waarvan enige perseel of gedeelte soos aangetoon op die algemene plan van verdeling wat deur die eienaar ingehandig is, minder as een morg (8 565 vierkante meter) groot is - (artikel 4)

## **6 BEPERKING OP DIE UITGEE OF ONDERVERDELING VAN PERSELE - Artikel 5**

Terwyl 'n sertifikaat verleen kragtens hierdie Wet van krag bly met betrekking tot enige streek grond, sal die eienaar daarvan nie daarop geregtig wees om enige perseel of gedeelte te verkoop, verhuur of op enige ander wyse daarvoor te beskik nie anders as ooreenkomstig die algemene plan voorgelê aan die Raad, sonder die skriftelike goedkeuring van die Raad nie. Die eienaar van enige perseel of gedeelte mag ook nie enige deel van sy perseel of gedeelte verkoop, verhuur of op enige ander wyse daarvoor beskik sonder die goedkeuring van die Raad nie en daardie goedkeuring sal nie verleen word nie indien, na mening van die Raad, die voorgestelde onderverdeling van die perseel of gedeelte dit onpaslik vir okkupasie as 'n landbouhoewe sal maak of sodanige perseel of gedeelte minder as 1 morg (8 565 vierkante meter) groot sal wees - (artikel 5(1)).

Die Registrateur van Aktes sal nie die transport of huur van enige perseel of gedeelte of sodanige grond of enige deel daarvan registreer wat minder as 1 morg (8 565 vierkanter meter) groot is nie en geen perseel of gedeelte mag gehou word deur twee of meer persone in mede-eienaarskap waar, indien die perseel of gedeelte verdeel sou word ooreenkomstig die aandele van die mede-eienaars van enige sodanige verdelings, dit minder as 1 morg (8 565 vierkanter meter) groot sal wees nie.

Subartikel 5(2) is nie van toepassing op grond wat kragtens enige wet vir spoorlyn of openbare doeleindes onteien is nie.

## **7 ONDERVERDELING VAN LANDBOUHOEWES**

Toestemming tot onderverdeling van landbouhoewes word deur die Premier verleen kragtens die Verdeling van Grond Ordonnansie 20 van 1986 (T). Let daarop dat die onderverdeling van landbougrond gereguleer word deur die Wet op Onderverdeling van Landbougrond 70 van 1970. 'n Duidelike onderskeid moet getref word tussen die toepassing van hierdie twee wette.